# Lewensvaardighede

**Eenheid 3 – Water as 'n belangrike basiese behoefte**

**Belangrikheid van water**

**Bitter water word soet**

Eksodus 15: 23-25

Toe hulle by Mara aankom, kon hulle nie die water drink nie, omdat dit bitter was. Daarom het hulle die plek Mara genoem. Die volk het by Moses gekla: "Wat moet ons drink?" Moses het die Here aangeroep, en die Here het hom 'n stuk hout gewys. Hy het dit toe in die water gegooi, en die water het soet geword.

**Waarsonder kan ons nie lewe nie?**

Water



**Waarvoor het ons water nodig?**

- Om te drink
- Onsself en ons klere te was
- Skottelgoed te was

**Waarvoor het boere water nodig?**

- Vir gewasse wat hulle plant
- Diere

**Waarvoor het fabrieke water nodig?**

- Vir krag
- Om produkte te maak

**Waar vandaan kom water?**

Vanaf reën

**Noem 'n land wat waterarm is?**

Suid-Afrika

Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Sosiale wetenskappe

## Geografie


**Voltooi die volgende tabel oor die belangrike minerale van Suid-Afrika:**

| | |
|---|---|
| Goud | Juwele en tandheelkunde |
| Platinum | Juwele, motorbedryf en elektriese bedrywe |
| Chroom | Maak van ander metale en blink dele van masjiene |
| Yster | Geboue, voertuie, masjiene en om ander metale te maak |
| Diamante | Juwele en snymasjiene |
| Mangaan | Batterye, blikkies en om ander metale te maak |
| Koper | Pype, elektriese drade en juweliersware |

### Steenkool as 'n nie-hernubare hulpbron



**Waarvan is steenkool gemaak?**

Dit is 'n rots wat gemaak is van oorblyfsels van plante wat miljoene jare dood is



### Hoe steenkool gevorm word

**Verduidelik kortliks hoe steenkool gevorm word:**

| | |
|---|---|
| ○ Miljoene jare gelede was klimaat anders<br>○ Digte woude het in nat gebiede wat moerasse genoem word gegroei<br>○ Elke jaar het van die bome doodgegaan en in moerasse geval |  |
| ○ Moerasse was later vol dooie bome<br>○ Riviere het sand en grond in moerasse ingespoel<br>○ Dooie bome is onder grond en sand begrawe |  |
| ○ Meer sand en grond het bo-op ou moerasse opgehoop<br>○ Alle water is uitgepers (uitgedruk)<br>○ Geleidelik is alle sand, grond en bome pap gedruk en in verskillende rotse ingepers |  |

Kopiereg – Alle regte voorbehou

# Sosiale wetenskappe

## Geskiedenis

**Tema 3 – Egipte**


**Godsdiens en gelowe**

**Noem 'n paar van die belangrikste gode wat die Egiptenare aanbid het:**

| | | |
|---|---|---|
| Ra | Die songod, of koning van die gode |  |
| Isis | Die godin van vrugbaarheid en moederskap |  |
| Horus | God van die dag |  |
| Hathor | Godin van vreugde, liefde en musiek |  |

**Hoe het die antieke Egiptenare geglo kon rampe afgeweer word?**
Deur die gode op die regte manier te dien

**Wat het die Egiptenare geglo oor die tempels met standbeelde van die gode?**
Hulle het in die tempels aanbid, en offers aan die gode gebring, hulle het geglo dat die gode in die standbeelde woon



**Wie het in die tempels gewerk?**
Priesters en priesteresse

**Huise vir die hiernamaals**

**Wat het die Egiptenare geglo gebeur met die siele in mens se liggaam na die dood?**
Die siele is bevry en leef vir altyd

Kopiereg – Alle regte voorbehou 

# Natuurwetenskap en tegnologie

**Onderwerp 4 – Skelette van gewerweldes/Vertebrata**


**Eenheid 4.1 – Bene**

**Wat is bene?**
Dit is hard en vorm ‘n sterk raam struktuur om gewerwelde dier se liggaam te ondersteun en te beskerm



**Hoekom is bene hol in die middel?**
Daar is beenmurg wat daarin voorkom

**Voltooi die volgende tabel:**

| | |
|---|---|
|  | Lang been |
|  | Kort been |
|  | Ongereelde been |
|  | Plat been |

Kopiereg – Alle regte voorbehou 